Voorbidding:

GEROEP GEWILLIG GESTUUR




Wêreld: Oos-Timor, Indonesië en Filippyne. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkring-effek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Slagoffers van natuur-rampe regoor die wêreld. Planne en wêreldwye samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te bekamp.

RSA & Dorp: Waardes en Norme - grondwet, regspleging, houdings en optrede. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Onderhandelings in die onderskeie munisipaliteite waar sinvolle en werkende koalisies gevorm moet word. Verantwoordelike gebruik van water in die droë somer wat voorlê.

Gemeente & Kerk: Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal vir gesinne in 'n besige tyd van die jaar. Ons Matrieks wat besig is met hul laaste skooleksamen, asook hoër- en laerskoolkinders en studente wat eksamen skryf. Ons bid vir klein Daniël Vlok en sy ouers, Louw-Waldi en Michelle, wat vir stamselbehandeling in Amerika is. Ons bly ook bid vir die Van der Westhuizen-gesin en Kai se volkome herstel.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Tiaan van den Heever (Speciosa) en Jeanne van den Heever (Speciosa).



*'n Dramagroepie wat gedurende die week hier in ons kerksaal oefen, hou op 5 Desember twee opvoerings by ons. **The Hundred Acre Wood** is 'n Kersfees-storie met 'n verskil vir oud en jonk! Kaartjies kos R100 per persoon. Jy kan kies of jy die 11:00-vertoning of die 17:30-vertoning wil bywoon. Kaartjies is by Quicket en by die deur te koop.*

NUUSBROKKIES

Vanaf Januarie 2027 gaan hier weeklikse mamma-en-baba-groepies by ons kerksentrum aangebied word. Kontak Jessica of Santie by 076 065 0875 vir meer inligting.

'n Groepie vroue en hul afrigter oefen op Maandae, Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 08:45 hier by die kerk. Indien jy deel van hierdie groepie wil word, kontak vir Connor by 082 895 0556. Die plan is om die oefenklasse uit te brei in 2027 en moontlik aandsessies by te voeg.

Ons is 'n groen gemeente wat herwin! In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

WEEKBLAD VAN DIE NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

22 November 2026

Sondag van Christus die Koning

Jaartema: SORG

Erediens & Nagmaal	09:30
Prediker	Elzanne van der Westhuizen
Tema	As ons die skape van die Goeie Herder is...
Teks	Esegiël 34:11-16 en 20-24
Koinonia Kafee	10:30 - kuier verder saam in die vierkant
Kerkbiblioteek	10:30 - neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant



Ons vier vandag Christus se koningskap aan die einde van die kerkjaar. Ons vier dit aan die einde van Koninkrykstyd om te onthou dat Christus elke dag koning is oor ons lewens en, voor die oorgang na Advent, om te onthou dat Christus ewig koning sal wees!

As Christene glo en bely ons dat Christus die Koning is en altyd sal wees "oor dié wat reeds gesterf het." Dit is daarom ons gemeente se gebruik om vir gemeentelede, wat die afgelope jaar geliefdes aan die dood afgestaan het, spesiaal na die erediens uit te nooi. Elke gemeentelid word egter vandag uitgenooi om geliefdes te onthou en 'n kers vir hulle aan te steek tydens die diens. Ons bid saam vir jou en bely ook saam dat Christus steeds koning is en teenwoordig is by jou sowel as jou geliefdes!

Kerssangdiens op Sondag 29 November om 09:30

Ons sien uit na 'n wonderlike Kerssangdiens-program met Winand Grundling aan die stuur van sake. Die Stellenbosch Madrigaalsangers gaan optree, asook Schalk Wasserman (timpani) en Seth James (saxofoon). Johann Nel gaan die voorleser wees. Nooi jou bure, vriende, kollegas en skoonfamilie en kom sluit die jaar saam af!



KOINONIA Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

Ons kantoorure is: Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: MAANDAG 23/11 TOT SONDAG 29/11

Wo 25/11	09:00 - 12:00	**Kersprojekverpakking in die vierkant:** kom help om al die kospakkies en geskenke te verpak. 
Do 26/11	10:30	**Moederkerk se Senior Kerstee:** in die Hofmeyrsaal
Vr 27/11	12:00	*Laat weet die kerkkantoor of jy gaan kom saam braai Sondag sodat ons vir genoeg kole en poeding kan sorg.*
So 29/11	09:30 10:30 11:00 - 14:00	**Eerste Sondag van Advent** **Kerssangdiens:** Danie Goosen & Winand Grundling **Koinonia Kafee:** kuier saam in die vierkant **Gemeente-bring-en-braai**: kom sluit die jaar saam af met 'n bring-en-braai op die grasperk by die saal.

JEUGUITREIK

Die deuroffer vandag gaan aan Jeuguitreik: Jeuguitreik is 'n Stellenbosse organisasie wat na die belange van ongeveer 20 kinders omsien wat om verskeie redes deur die hof weggeneem is van hul ouers. Blyplek word voorsien terwyl 'n groter groep, die sogenaamde "drop-in"-kinders, aanmeld vir kos en hulp met huiswerk. Programme en ontspanning word ook vir die kinders aangebied. Jeuguitreik se nommer is 021 886 6216 en hul e-pos is yo.stellenbosch@gmail.com.



November se Barmhartigheidstema fokus op kinders. Ons gaan ook voort met ons Kersprojek. Ons samel gedurende November voedsel, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes in vir die Kersprojek. Die deuroffers gaan gedurende November aan Kinder- en Jeugsorgsentrums, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, Jeuguitreik en Stellenbosch Vigsaksie. Ondersteun ons Kersprojek en maak saam 'n groot verskil! Kom help ook Woensdag 25 November van 09:00 tot 12:00 in die vierkant om al die kospakkies en geskenke te help verpak.



Betaal met SNAPSCAN
Onthou om 'n verwysing in te tik



Die deuroffer verlede week aan die Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid was R1 814-50. Baie dankie! Vlg week se deuroffer gaan aan Stellenbosch Vigsaksie.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 / 198 765 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Kersprojek 2026

Die groot dag is amper hier! Die verpakking van die Kersprojek vind op **Woensdag 25 November vanaf 09:00** in die vierkant plaas. Almal is welkom, selfs diegene wat dink dat hulle dalk nie meer so flink en vinnig kan beweeg nie. Daar is 'n takie vir almal, met heerlike koffie, tee en toebroodjies as lafenis. Al wat jy kan saambring, is 'n gemerkte skêr. *Baie dankie aan almal wat alreeds bygedra het tot die Kersprojek. Dit is steeds nie te laat om by te dra nie - enigiets op die inkopielys of 'n finansiële bydrae om ons boeke te laat klop.* Jy kan ook nog leë kartonbokse van enige grootte bring. Elke pakkie wat uitgaan, moet verpak word in 'n sakkie of kartonboks. Ons sien uit na 'n besige en vol vierkant op die 25ste!





Op Sondag 29 November is dit ons ***Kerssangdiens*** en oudergewoonte gaan ons weer daarna die vure aansteek en saam braai om die jaar af te sluit. Bring jou eie drinkgoed, eetgerei en braaivleis en laat weet vir Linda Koetsier (083 683 1858) as jy 'n slaai kan bring om te deel. Laat weet die kerkkantoor (021 886 5975) teen Vrydag 27 November of jy gaan saam braai sodat ons vir genoeg poeding kan sorg. Ons het 'n voëltjie hoor fluit dat die poeding 'n ***sjokolade fontein*** gaan wees!!

Kerkraadnuus

Op die kerkraadsvergadering van 17 November 2026 is die volgende persone tot die kerkraad verkies: Braam Horn (Getuienisbediening), Louis Jonker (Leer en Aktuele Sake) en Linda Koetsier (Diaken A-wyke). Die volgende persone is tot die kerkraad herkies: Marianna Kritzinger (Ouderling A-Wyke), Winnie van Vuuren (Ouderling A-Wyke), Loumarie Kistner (Ouderling B-Wyke), Maria Mouton (Diaken A-Wyke), Magda Liebenberg (Diaken B-Wyke) en José Kritzinger (Jeug- & Familiebediening).





Daar is heelwat verlore items in die kerkkantoor. Kom haal as jy iets hiervan kan herken as jou eiendom.

Kom haal klaargeknipte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Ons is baie dankbaar vir die getroue stiksters wat hierdie bediening tuis aan die gang hou.

Bless a Baby
Your donation can go a long way

Huisgeloofblad vir gesinne - Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Sondae is daar ook kopieë by die hoofingang beskikbaar om te neem.